

CANNON ROCKS



Die Cannon Rocks kamp het plaasgevind vanaf 15 tot 18 Junie 2017.

'n Lekker lang naweek is op hande. Enkeles gaan alreeds Donderdag en die laastes sluit Vrydag aan. Die eerste stop is egter Nanaga en daarna is daar nou oulike padstalletjies tussen Cannon Rocks en P.E. Almal kuier net lekker rond die naweek en die besienswaardighede in die omgewing word besoek. Saans word die dag afgesluit met Boekevat en daarna verkeer almal maar net rustig.

Saterdag tref die koue ons en almal sit maar naby mekaar. Later word daar lekker vuur gemaak in die Lapa en van die lede braai lekker saam. Sondag luister ons na 'n treffende boodskap en daarna is dit maar oppaktyd.

Jakkie

